

**Saterdag 4 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1; HK Sondag 13, Antwoord 34**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:18**

### **Ons Here het ons losgekoop van die sondes en die duiwel**

Petrus (1-1:18) skryf aan sy oorspronklike lesers dat Christus hulle van hulle “oorgeërfde sinlose bestaan” losgekoop het. Hierdie sinlose bestaan sien ongetwyfeld op die heidense en goddelose lewe wat hulle vroeër in navolging van hulle voorouers gelei het. Daarin is hulle deur Satan gelei en het hulle hom gedien. Daarvan is hulle nou bevry omdat hulle deur hulle bekering deelgekry het aan die loskoping van die mag van Satan deur die bloed van Christus. Hoewel ons nie soos die oorspronklike lesers van Petrus se brief uit die heidendom na die Christendom oorgegaan het nie, kan ons in ’n sekere sin tog ook by onself van ’n oorgeërfde sinlose bestaan praat, en dit is die *erfsonde*. Op die akkers van die erfsonde groei die onkruid van die sonde baie maklik. Paulus sê dat ons soos slawe *verkoop* was aan die sonde (Rom. 7:14). Daarom moes Christus ons daarvan loskoop om ons te verlos. Deur die sonde het die mens in die mag van Satan en onder sy heerskappy gekom. Dit is verskriklik as dit gebeur. So ’n mens word ’n armsalige slaaf wat nooit tot rus kom nie. Dag en nag staan hy in sy diens en word hy gedryf deur dié harde meester. Dink maar aan dié wat in die greep van drank en dwelms gekom het, of aan die een vir wie geld ’n god geword het. Hulle sloof hulle af in diens van hulle meester. Die ergste van alles is dat as Satan jou heer of baas geword het, hy jou laat dink dat jy die ware vryheid gevind het. Intussen breek hy jou en tap jou liggaamlik en geestelik leeg.

Terwyl Satan daarop uit is om ons in sy greep te kry en ons lewe te verwoes, het Christus gekom en in ons plek die stryd teen Satan aangeknop. Hy het Satan vir ons oorwin. Hy het ons uit die kloue van die vors van die duisternis geruk en as *Here* ons tot sy eiendom gemaak. Soos Simson die pilare van die Dagonstempel omgedruk het sodat die hele tempel op die afgodiese menigte ineengestort het, so het Christus deur sy lyde, sterwe en opstanding die pilare van die ryk van die duiwel inmekaar laat tuimel. Hy het die mag van die Bose gebreek. Daarom behoort ons aan Hom en kan ons Hom noem: *ons Here*. Dit beteken nie dat ons nooit meer sonde doen nie. Die Skrif en ons belydenis sê dit ook nie. Wat wel gesê word, is dat ons verlos is van die *heerskappy van die duiwel*. Dit is wel so dat Satan en sy trawante nie ophou om ons aan te val nie (HK So. 52:127). Hoe bitter hy egter die lewe ook al vir ons maak, hy regeer ons nie, want Christus, ons Here, regeer ons. Ons staan onder sy genadeheerskappy. In Hom is ons meer as oorwinnaars (Rom. 8:37).